

God is in beheer

Ek is nog altyd 'n plan maker, 'n "schemer". Altyd vol idees, deurdink dinge, beplan dit en as ek my kop op 'n ding sit voer ek hom deur. Vroeër in my lewe, het ek dit gebruik in my werk, later om my eie besigheid op die been te kry. In die laaste paar jaar het God ook daardie gawe in bedieningswerk begin gebruik.



En so "scheme" en beplan ek toe weer vir die tweede Zimbabwe uitreik. Die eerste een in Desember was baie suksesvol. Maak Bybelstudies, kry dit in Shona vertaal. Berei praatjies voor, bind dit in boekies. Maak seker dinge is opgelyn in Zimbabwe. En vanoggend is ek terug na die "ongelooflike" naweek en ek is so gemotiveerd om te begin beplan en "scheme" vir die volgende rondte. Maar eers moet ek jou vertel hoekom die naweek so suksesvol was...

Ek het drie maande gehad van die vorige uitreik na hierdie om alles in plek te kry. Ek het hard gewerk om self boekies bymekaar te sit, maar na ure se gestoei en voor begin, het ek uiteindelik besef ek kan nie... En toe wys God my weer die "The Handbook of the Bible" wat my pa my gegee het. Seker die boekie wat die grootste invloed op my lewe gehad het en ek besef – God in beheer. Die geld hekkie was bietjie groot, maar ek bestel 25 boekies en ook 25 klein konkordansies, want die vorige keer was daar omtrent soveel mense. Binne 3 dae was die geld in my rekening. Die Here het in my vriende se harte gewerk. Daarbinne 'n juweel gebaar van iemand wat sy eersteling kalf van die seisoen daarvoor gee. God in beheer...

Ons gaan koop sestig Bybels en toe ek na die tyd optel hoeveel geld ek ingekry het van skenings en hoeveel ek gespandeer het is die verskil net R1.10. En as mens kyk na wie gegee het, was dit nie die "ryk" mense nie. Dis mense wat min het, wat duidelik bo hulle vermoë gee, maar hulle harte is so vol vreugde vir die Here dat dit oorloop na ander. God in beheer... Intussen stoei ek toe voort aan boekies en my planne. Elke oggend stuur ek 'n whatsapp na 'n onderwyser in Zimbabwe in Engels. Elke aand kry ek een terug en so ontstaan 'n Bybelstudie boekie met 30 Bybelstudies in Shona. God in beheer...

'n Paar dae voor ons ry, verander God omstandighede so dat Johannes Aucamp kan saamgaan. 'n Man met 'n passie vir Afrika en wat al 14 jaar predikante in Afrika oplei. 'n Sonpaneel stelsel word geskenk want daar is nie krag by die kerk nie. 'n Vriend help met die opstel en bedrading... Net voor ons ry, bring 'n tannie met 'n hart van goud selfs ons padkos. Ons kom deur die grens in 'n rekord tyd. God in beheer...

Die vorige naweek was paasnaweek. Die mense was vir die hele paasnaweek op 'n Paas konferensie. Hulle is arm en meeste van hulle maak 'n bestaan deur selfonderhoud boerdery. Dis oestyd. Gaan hulle kom? Ons begin Vrydag oggend 11 uur. Die boekies is te min, daar is 32 mense. Net een stokou bakkie. Die res het gestap en fiets gery. Die meeste so tussen



20 en tot 50 kom ver. Die verste een 120 kilometer. Selfs die bok wat die naweek se kos sou wees kom met toue op die fiets vasgemaak daar aan. God in beheer...

Op grond van wat ons die vorige keer ingepas het, is my program in plek vir die twee dae. Johannes help met die ontdekkings Bybelstudie en die dag se dinamika ontplof. Ek sien hoe die Heilige Gees deur Johannes werk en mense hang aan sy lippe. Nodeloos om te sê, ten spyte van my plannetjies het God Sy plan uitgevoer. Mense se oë blink, die mense in die village hoor, en die getalle groei na in die veertig. Een of twee ma's sit selfs daar met haar suigeling. Borsvoed sommer daar in die kerk, want wil nie iets mis nie... Kort voor 18h00 begin dit donker raak, ek sukkel om op my notas te sien, maar die sonpaneel liggies skop in. God in beheer.



Vrouens slaap op 'n kombes op die vloer in die kerk, van die manne sommer buite. Dis te ver om huis toe te gaan. Die volgende oggend moet ons 08h30 begin. Lank voor dit sien ek twee onder 'n boom sit en die Handbook of the Bible boekie lees. Die kringetjie groei en kort voor lank voor sit 'n hele kring manne en luister hoe broer Shinamo hulle veruidelik hoe die boekie werk en hoe mens dit kan gebruik. Meer as 'n uur se sessie, voor die dag se sessies nog begin. Shinamo is 'n man van God, 'n wyse man. Hy is die een wat my genooi het toe ons mekaar by Back to the Bible

Mission ontmoet het. Sy opregte gebede en diepe afhanklikheid van God was duidelik baie beter "beplanning" as myne... En so gaan die hele Saterdag aan. My planne skoon vergete. Ek sit een kyk in verwondering hoe God mense gebruik en mense raak en mense met mekaar laat praat en en en...

'n Omie, in die sewentig kom met sy fiets daar aan. Hy hou 'n sakkie beskermend vas. Ek vra hom daarna. Toe hy dit oopzip wys hy my die vorige handleiding wat ek in Desember uitgedeel het. Duidelik deeglik gebruik. Hy verduidelik my hy verstaan nie die Engels daarin in nie, maar hy kon die teks verwysings gebruik en in die Shona Bybel opsoek wat ons hom gegee het. Sy seun het hom met die Engels gehelp. My trane vloei... Daar is reeds te veel mense, ek het nie meer Shona Bybelstudies oor nie en ook nie 'n Bible Handbook nie. Die pastoor van die lokale gemeente wat ons ontvang offer sy Shona Bybelstudie op om vir die omie te gee. Ek gee my goed gebruikte Bible Handbook kopie wat my pa my gegee het, vir hom en 'n blydskap wat geen geld kan bring nie, laat mens net beseef: God is in beheer.

Niemand wou ophou nie, maar ons sluit die formele program kort voor 19h00 onder die nuwe 12 volt liggies van die geskente sonpanele af. Almal gaan sit in 'n kring. Ons sit eers eenkant met die leiersgroep om te besin oor die naweek en te dink oor volgende keer. Ek hoor die ander mense praat en lag in Shona. Ek vra waaroor praat hulle. Die antwoord: Hulle gesels oor wat hulle alles geleer het.. En ek verwonder my oor 'n God wat so in beheer is.



Die "chief" van die gemeenskap bel die lokale pastoor. Hy hoor daar is mense van Suid Afrika en Bybelstudies... Hy is opgewonde – ons moet asseblief weer kom: Dit gaan die misdaad van die omgewing afbring. God in beheer.

Sondag. Die kerk word vroeër gemaak om ons te akkomodeer. Die kerk is vol. 'n Ou tannie sukkel met haar kiere om die bult op om te kom. Die erediens is uitbundig en vol vreugde. Ek preek. Shinamo vertaal. Die ou tannie kom getuig. Sy kan nie meer lekker loop nie, sy was maande gelede in die kerk, maar sy bid elke Sondag as die kerk begin en hou op bid as die kerk eindig. Sy het egter gehoor daar het groot dinge die naweek gebeur, so sy het kerk toe gekom. Hulle vra dat ek vir die tannie moet bid en ek bid dat as die Here dit so wil sy gesond sal word, maar veral dat ek eendag die voorreg mag hê dat ek haar in die hemel sal raakloop waar sy huppel en spring van die vreugde van God se teenwoordigheid.



Hulle skenk ons 'n hand gemaakte hout arend beeld tafeltjie en sien ons af. Ons moet die suikerriet, waatlemoen en mielies wat hulle uit hulle lande gebring het onder die onder die beddegoed pak dat dit ons nie onnodige moeilikheid by die grens kry nie. Net na die grenspos kom die smse van die naweek deur. Twee inbetalings. Ons kan alweer 45 Bybels koop vir volgende keer... Net na donker, nog voor Polokwane begin die kar stotter. Water in die petrol. Ons bid. Stotterend kom ons tien uur Sondagaand veilig by die huis. God in beheer...

Vanoggend begin my planne en schemes vir Julie se teruggaan. Afhanklik, in vertroue op my knieë, want God is in beheer.